VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Aansoeknommer : 4511/09

In die saak tussen:-

JAN-NEL DU PLESSIS	Eerste Applikant
CHRISTINA MAGDALENA DU PLESSIS	Tweede Applikant

en

CHANGING TIDES 14 (EDMS) BPK N.O.	Eerste Respondent
DIE BALJU VAN DIE HOOGGEREGSHOF BLOEMFONTEIN WES	Tweede Respondent

---

AANGEHOOR OP: 11 FEBRUARIE 2010

UITSPRAAK DEUR: HANCKE, R

GELEWER OP: 18 FEBRUARIE 2010

---

[1] Hierdie is ‘n aansoek van die applikante om ‘n bevel met die volgende bepalings:

> “1. Dat kondonasie aan die Applikante verleen word vir die laat-liassering van hierdie aansoek, indien nodig;
>
> 2. Dat die verstekvonnis teen Applikante verleen onder saaknommer 2149/2007 tersyde gestel word;

3. Dat verlof aan die Applikante verleen word om die aksie onder saaknommer 2149/2007 te verdedig;
4. Dat eerste respondent gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal."

[2] Die eerste respondent is 'n trustee van S A Home Loans Guarantee Trust wat 'n verband ten opsigte van die applikante se eiendom geregistreer het.

[3] Die tweede respondent is die Balju van die Hooggeregshof, Bloemfontein Wes, teen wie geen regshulp gevorder word.

[4] Dit blyk volgens die stukke dat die applikant op 15 Mei 2007 agterstallig was in die bedrag R24 704.90. Op 16 Mei 2007 het die eerste respondent dagvaarding uitgereik teen die applikant vir die betaling van R553 887.13, synde die totale uitstaande bedrag tesame met bykomende regshulp.

[5] Daarna het die applikante die volgende betalings gemaak:

R14 000.00 op 14 Mei 2007;

R5 353.00 op 1 Junie 2007;

R7 000.00 op 7 Junie 2007; en

R5 400.00 op 3 Julie 2007

d.w.s. ‘n totaal van R31 753.00. Die agterstallig bedrag waarop eerste respondent se skuldoorsaak gebaseer was en wat aanleiding gegee het tot die inwerkingstelling van die versnellingsbeding, was gevolglik op 3 Julie 2007 vereffen. Hierbenewens het die applikante voortgegaan om hulle paaiemente aan die eerste respondent te betaal tot en met Maart 2008 toe dit weer finansieel sleg met hulle gegaan het en hulle weer agterstallig geraak het met hulle verbandpaaiemente.

[6] Aangesien die oorspronklike dagvaarding verlê was, is ‘n gesertifiseerde afskrif daarvan bekom, wat weer beteken is op 2 April 2009 by wyse van aanhegting, waarna daar op 13 Mei 2009 verstekvonnis teen applikante verleen is. Dit is applikante se saak dat aangesien hulle nie meer by die betekeningsadres woonagtig was nie, hulle derhalwe onbewus was van voormelde betekening. Gedurende Maart 2009 het ‘n skuldberader in die prentjie gekom en is ‘n afskrif van die dagvaarding en relaas aan die betrokke skuldberader voorsien gedateer 9 Maart 2009.

[7] Dit is die applikante se saak, eerstens, dat die agterstallige bedrag reeds gedurende Julie 2007 vereffen is en dat die eerste respondent van sy reg om die volle bedrag as opeisbaar en betaalbaar te beskou, afstand gedoen het. Tweedens, dat die respondent ‘n kennisgewing in terme van artikel 129 van die Nasionale Kredietwet, Nr. 34 van 2005, aan applikante moes voorsien en, derdens, dat die applikante onder skuldberading geplaas was en dat eerste respondent gevolglik nie met regstappe kon voortgaan alvorens daar ‘n kennisgewing ingevolge artikel 86(10) van die Nasionale Kredietwet aan die applikante versend was nie.

[8] Die vraag ontstaan of eerste respondent, op grond van dieselfde dagvaarding, die applikante kon aanspreek vir die volle uitstaande bedrag toe hulle ‘n tweede keer agterstallig geraak het met hulle paaiemente. Dit is belangrik om daarop te let dat die aanvanklike skuldoorsaak gebaseer was op die feit dat die applikante agterstallig geraak het met die voormelde bedrag van R24 704.90, welke bedrag hulle in vier paaiemente ten volle vereffen het. Daarna het die

eerste respondent hulle toegelaat om betalings te maak tot en met Maart 2008, d.w.s oor ‘n tydperk van agt maande.

[9] Die eerste respondent het nie alleen hierdie betalings aanvaar nie, maar het ook in gebreke gebly, na uitreiking van die dagvaarding, om op daardie stadium vonnis teen die applikante te neem. Die voor die hand liggende afleiding is dat die eerste respondent afstand gedoen het van sy regte in hierdie verband. Anders gestel, is hierdie optrede van die eerste respondent teenstrydig met die voortbestaan van ‘n reg tot uitoefening van ‘n versnellingsbeding. Eerste respondent het, met die wete dat hy vonnis teen applikante kon bekom op grond van die bedrae wat hulle agterstallig was, paaiemente aanvaar wat die agterstallige bedrag uitgewis het. Deur die aanvaarding van daardie betalings het eerste respondent afstand gedoen van sy reg om op die dagvaarding in 2007 uitgereik, vonnis te kry.

LAWS v RUTHERFURD 1924 AD 261 op 263; **SPANGENBERG EN ANDERE** 1974 (3) SA 695 (A); **IMPALA DISTRIBUTORS v TAUNUS CHEMICAL**

MANUFACTURING CO (PTY) LTD 1975 (3) SA 273 (T) te 277 – 278.

[10] Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat die betrokke vonnis verkeerdelik aangevra en verkeerdelik gegee is. Gevolglik is dit nie nodig om met die ander aspekte te handel wat deur die applikante geopper is nie.

[11] Wat kondonasie betref, blyk dit dat daar nie sprake is van ‘n growwe nie-nakoming van die hofreëls en is die versuim, na my mening, bevredigend verduidelik, naamlik dat die dagvaarding nie tot hulle kennis gekom het, aangesien hulle nie meer by dié betrokke adres woonagtig was nie.

[12] Wat koste betref, is dit duidelik dat die vonnis t.o.v. die huidige skuldoorsaak nooit aangevra moes gewees het op grond van dieselfde dagvaarding nie. Aan die ander kant is daar egter morele verwytbaarheid aan die kant van die applikante, byvoorbeeld hulle het alreeds op 3 Junie 2009 bewus geword van die vonnis teen hulle, maar het eers op 13 Augustus 2009 aansoek 4024/09 laat uitreik, ‘n vertraging van ongeveer twee maande en tien dae. Verder vra die

applikante ook ‘n tegemoetkoming van die hof ten opsigte van die aansoek om kondonasie. Na my mening sal die verwytbaarheid eers behoorlik evalueer kan word wanneer die aangeleentheid op verhoor gaan; gevolglik is dit reg en billik dat koste oorstaan om dan beslis te word.

[13] Bygevolg word

A. ‘n bevel ingevolge bedes 1, 2 en 3 van die Kennisgewing van Mosie verleen; en

B. gelas dat koste oorstaan om later besleg te word.

_____

S.P.B. HANCKE, R

Namens die applikante: Adv. J. Els
In opdrag van:
Rosendorff Reitz Barry
BLOEMFONTEIN

Namens eerste respondent: Adv. B. Knoetze SC
In opdrag van:
Bezuidenhout Ing.
BLOEMFONTEIN

/sp